# HOOFSTUK 1

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL

## 1.1 INLEIDING

Akademiese prestasie speel 'n belangrike rol in die opvoeding van die kind. Dit dui onder meer op die mate van sukses waarmee leerinhoude geleer is, en ook op die mate waarin die logies-analitiese funksies van leerlinge ontsluit is (Monteith, 1983:1).

Dit is vir die opvoeding van die kind van wesenlike belang dat kennis gedra word van die veranderlikes wat die akademiese prestasie van leerlinge beïnvloed. Sodanige kennis stel die opvoeder in staat om te kan voorspel en veranderlikes met die oog op die verbetering van akademiese prestasie te kan manipuleer. Dit stel die opvoeder ook in staat om onderpresteerders en leerlinge met leerprobleme te identifiseer, en om doeltreffende voorligting met betrekking tot vak en beroepskeuses te gee (De Wet, 1983:2; vergelyk ook Van der Watt, 1982:3).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Om die akademiese prestasie van leerlinge te kan voorspel, moet kennis gedra word van die veranderlikes wat daarmee verband hou. Navorsers poog daarom lank reeds om 'n beeld van die verband tussen (meetbare) veranderlikes en akademiese prestasie te kry (vergelyk Lavin, 1965 en Bloom, 1976). Benewens die verskeidenheid van grootskaalse projekte in hierdie verband oorsee (vergelyk Coleman, <u>et al</u>., 1966 en Bloom, 1976), is daar in die **Projek Talentopname** (Roos, 1973) en die **Projek Akademiese Prestasievoorspelling** (Monteith, 1983) in Suid-Afrika ook gekonsentreer op die identifisering van die veranderlikes wat met akademiese prestasie in standerd tien verband hou. Hierdie projekte konsentreer in 'n mindere of meerdere mate daarop om so

'n volledig as moontlike beeld van al die veranderlikes wat met akademiese prestasie verband hou te kry, en van die relatiewe belangrikheid van elke veranderlike.

Vir die doel van die voorspelling van akademiese prestasie, is dit noodsaaklik dat kennis geneem word van alle moontlike voorspellerveranderlikes, want die ideaal is steeds om so akkuraat moontlik te voorspel. Akkurate voorspelling (so word ook verder aan in hierdie studie aangetoon), is 'n funksie van die mate waarin alle moontlike relevante veranderlikes in ag geneem word. Dit kan alleen op grond van kennis van die afsonderlike en gesamentlike bydraes wat veranderlikes tot die voorspelling van akademiese prestasie lewer, gedoen word (Bloom, 1976:12).

Navorsing waarin gekonsentreer word op 'n beeld van die verband tussen 'n verskeidenheid veranderlikes en akademiese prestasie, is in Suid-Afrika hoofsaaklik tot ander teikengroepe as swart leerlinge beperk. Enkele studies wat wel ten opsigte van swart leerlinge onderneem is, het 'n studie gemaak van die veranderlikes wat met wiskundeprestasie (Malan, 1981 ; Ngobeni, 1984) en met taalprestasie (Chamberlain, 1977) verband hou. Ander studies, soos dié van Penny (1982) en Swanepoel (1975), het hoofsaaklik op 'n besondere groep veranderlikes gekonsentreer, óf het gepoog om psigometriese toetse te ontwikkel, óf om die voorspellingsgeldigheid van bestaande toetse te evalueer (vergelyk ook Von Mollendorf, 1978; Malan, 1981 en Avenant, 1986).

Die studie van Von Mollendorf (1978) is die enigste wat ten opsigte van swart standerd 10-leerlinge onderneem is en van 'n verskeidenheid veranderlikes gebruik gemaak het. Die doel met die navorsing was spesifiek om die voorspellingsgeldigheid van meetinstrumente te bepaal en om op grond daarvan 'n voorligtingsprosedure te ontwikkel. As sodanig het die studie nie gehandel oor die relatiewe bydrae van 'n verskeidenheid veranderlikes tot die voorspelling van die standerd 10-prestasies van swart leerlinge nie (vergelyk Von Mollendorf, 1978:8). Daarby was dit ook nie die doel van die studie om die

problematiek van akademiese prestasievoorspelling vanuit opvoedkundige perspektief te ondersoek nie.

Dit blyk uit die bestaande navorsing oor die veranderlikes wat met die akademiese prestasie van swart leerlinge verband hou, dat gekonsentreer is op spesifieke vakke (soos Wiskunde), op besondere teikengroepe (byvoorbeeld standerd vyf- tot agtleerlinge), en op die geldigheid van meetinstrumente. Daar bestaan 'n baie duidelike leemte in hierdie verband, naamlik dat weinig bekend is oor die veranderlikes wat met swart leerlinge se standerd 10-prestasies in verskillende skoolvakke verband hou, en ook van die relatiewe belangrikheid van veranderlikes vir die voorspelling van sodanige prestasie.

Die probleemvraag wat gevolglik in hierdie navorsing ondersoek word, is die vraag na die wyse waarop en die veranderlikes waarmee die akademiese prestasie van swart leerlinge voorspel kan word. Meer spesifiek gaan dit om te bepaal met watter mate van sukses daar met so 'n verteenwoordigend-moontlike spektrum van veranderlikes na die standerd 10-prestasies van swart leerlinge in verskillende skoolvakke voorspel kan word.

## 1.3 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met die ondersoek is om vas te stel met watter veranderlikes en met watter mate van sukses die standerd 10-prestasies van swart leerlinge in verskillende skoolvakke voorspel kan word.

Die veranderlikes wat ter sprake is, bestaan uit kognitiewe, nie-kognitiewe en biografiese veranderlikes. Die doel is om kennis te neem van die mate van sukses waarmee prestasie in standerd tien op grond van 'n seleksie van veranderlikes voorspel kan word, en wat die relatiewe bydrae van veranderlikes tot die voorspelling van standerd 10-prestasie in verskillende skoolvakke is.

## 1.4 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Om die doel met die ondersoek te bereik, is dit nodig dat besin word oor wat akademiese prestasievoorspelling presies behels, hoe dit in die opvoedingsituasie ter sprake kom, en watter verband daar tussen die handeling om te voorspel enersyds, en die opvoedingsdoel en opvoedingshandelinge andersyds bestaan. Hieroor word in hoofstuk twee gehandel.

Vir die doel van die ondersoek is dit verder ook nodig om kennis te neem van die metodologie wat by akademiese prestasievoorspelling ter sprake is. In hoofstuk drie word hoofsaaklik gekonsentreer op die wyses waarop beste voorspellers geïdentifiseer en proefpersone gegroepeer word.

In hoofstuk vier word 'n oorsig van die opvoedingsmilieu waarbinne swart leerlinge akademies presteer, gegee. Dit is vir die doel van die navorsing 'n noodsaaklike verwysingsraamwerk; dit skep ook die nodige konteks vir die oorsig van die veranderlikes wat die akademiese prestasie leerlinge in die algemeen en van swart leerlinge in die besonder beïnvloed.

Die verslag van die literatuurstudie oor die veranderlikes wat met die akademiese prestasie van swart leerlinge verband hou, word in hoofstuk vyf voortgesit. In hierdie hoofstuk word in besonderhede ingegaan op die verband tussen daardie seleksie van kognitiewe, nie-kognitiewe en biografiese veranderlikes waarvan daar metings beskikbaar was, en die akademiese prestasie van swart leerlinge. Op grond hiervan word die hipoteses vir die empiriese ondersoek geformuleer.

In hoofstuk ses word die metode van empiriese ondersoek beskryf. Die resultate van hierdie ondersoek word in hoofstuk sewe aangebied, en die studie word met hoofstuk agt waarin die gevolgtrekking en samevatting gestel word, afgesluit.